LAERSKOOL PARK

Tel.: 044-691 1020\1
E-Pos parklaerskool@gmail.com
Webblad www.parklaerskool.co.za
Prinsipaal D.F. du Toit

Kaapweg 49
Posbus 96
MOSSELBAAI

25 Oktober 2021

Geagte Ouers/Voogde

Graag bring ek die volgende belangrike sake onder u aandag:

1. NUUTSTE DIREKTIEWE : SPORT EN BUITE-KURRIKULêRE BEDRYWIGHEDE

Dit is met dankbaarheid dat die nuutste direktiewe nou toeskouers gaan toelaat by sportgeleenthede. ‘n Geleentheid waarvoor elke ouer vir lank uitgesien het. Ek heg ‘n verkorte opsomming van die direktiewe vir u aan.

Onderhewig aan voldoening aan sosiale afstand, asook higiëne en veiligheidsmaatreëls, word die volgende aktiwiteite toegelaat met toeskouers:

- Kontak- en nie-kontaksport
- Spreekkompetisies en debatte
- Kooroefeninge en –optredes
- Nasionale-, provinsiale-, distrik-, interskole-toernooie met die insluiting van reise na sodanige toernooie.

Die volgende gesondheids- en veiligheidsmaatreëls moet nagekom word:

- Bywoning word beperk tot 750 persone of minder vir binnenshuise geleenthede en 2000 persone of minder vir buitenhuise geleenthede op voorwaarde dat die sosiale afstand 1,5m is en dat 50% van die kapasiteit nie oorskry word nie.
- Maskers moet te alle tye gedra word
- Alle deelnemers en toeskouers moet temperatuurskandering ondergaan voordat perseel betree word
- Deelnemers se hande sal voor en na deelname gesaniteer word
- Persone wat die terrein tydelik verlaat sal weer die saniteringsproses deurgaan
- Persone met ‘n temperatuur bo 38˚ Celsius sal nie toegelaat word tot die terrein nie
- Toeskouers moet ‘n veilige afstand van ten minste een en ‘n half meter van mekaar handhaaf.

Teken die volgende datums in u dagboek aan:

- SWEMGALA : Vrydag, 5 November – Slegs vryslag. (0/7 – 0/13)
- ATLETIEKBYEENKOMS : Saterdag 13 November 2021.
  (0/7 – 0/10) 80m, hoogspring en verspring.
  (0/11 – 0/14) 80m.

2. VAKANSIEDAG

Neem kennis dat eerskomende Maandag, 1 November ‘n vakansiedag gaan wees weens die verkiesing.

3. TOETSREEKS

Die toetsreeks skop af op 17 November vir Graad-7 en op 22 November vir Graad 4 – 7. U sal eersdaags die eksamenrooster ontvang en die uiteensetting van werk wat geassesseer gaan word.

4. ERKENNINGSAANDE

Erkenningsaand word as volg beplan:

Grondslagfase – Donderdag, 2 Desember 2021.
Seniorfase – Dinsdag, 7 Desember 2021.

Die finale formaat sal nader aan die geleentheid met u gekommunikeer word.

5. TROLLIE-PROJEK

Die Kruideniersware-trollie-projek is in volle swang en loop ten einde op Donderdag, 4 November. Groot dank aan elke ouer wat hard werk om die projek te ondersteun. Spesiale woord van dank teenoor die hoofborge, Super Spar en MicFin Groepskema, wat hierdie projek moontlik maak.

6. GHOLFDAG

Laerskool Park se jaarlikse Gholfdag vind weer plaas op Saterdag, 4 Desember te Pinnacle Point Estate. Die formaat is 'n "Better Ball Stableford Scramble Drive". Vir besprekings kontak 044 6065322 of golfbooking@pinnaclepointestate.co.za. Ons nooi dus alle gholfspelers en belangstellendes om deel te raak van hierdie dag.

Vriendelike groete

SKOOLHOOF
DF DU TOIT

.